REDAKSIONEEL

Dankbetuiging

Die administrasie van *In die Skriflig* erken met dank die goeie reaksie van so baie kerkrade (en opmerklik hoe veel van die kleiner kerkrade!) op die oproep om donasies vir die tydskrif. Ons hoop om dit ook op gepaste wyse te erken. Hierdie ondersteuning stel die redaksie in staat om die volume van die tydskrif onveranderd te handhaaf.

Vorige nommers

Die redaksie kondig aan dat 'n hele aantal oordrukke van die meeste vorige nommers van *In die Skriflig* nog verkrygbaar is by die administrasie, Posbus 59, Hammanskraal. Ongelukkig is enkele nommers uitverkoop, sodat volledige stelle nie meer aangebied kan word nie. Daar is veral 'n tekort aan nr. 2 en 17.

Beleid ten opsigte van diskussie

Die eindredakteur verwys graag na die verklaring op die binnebladsy van die omslag. Dit is beleid om diskussie toe te laat en ons is dankbaar vir die lesers wat ook hierdie uitgawe verryk deur middel van kritiese opmerkings en vrae oor artikels in die vorige uitgawe. Een referent meen egter dat sekere „soort diskussies" nie toegelaat moet word nie. Indien die redaksie nie anders opdrag gee nie, sal die eindredakteur nie graag skeidsregter oor soorte diskussies wil speel nie.

In die Skriflig wil die Gereformeerde teologie bevorder, ook deur waar nodig selfs nie-gereformeerde standpunte en menings te publiseer. Die huidige beleid is dat aktuele vraagpunte en/of korrektiewe op afwykende teologiese rigtings en/of dieper besinning oor teologiese bydraes in die diskussie toegelaat word. Die enigste voorwaarde wat gestel word is dat die artikels ter sake, onpersoonlik, welwillend en opbouend moet wees. Van die kant van die redaksie word diskussie verwelkom en staan dit elke leser vry om 'n referent waar nodig tereg te wys. Ons wil *In die Skriflig* liewer uitbou as 'n diskussie-blad onder ons gereformeerde teoloë wat vandag te midde van veel verwarring die gereformeerde teologie moet aanwend in die stryd van die koninkryk van God teen die koninkryk van Satan, omdat die teologie 'n belangrike wapen en middel vir die bediening van die amp predikant is.